16.3 RAPPPORT ONDERSTEUNINGSFONDS (Artt 63, 141)

A. Ds PA Coetzee lewer die Rapport.
B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na Kommissie Emeritaatsversorging.
C. Ds JC Aucamp rapporteer namens die Kommissie Emeritaatsversorging.

D. **RAPPORT**

1. Sake waarvan die Sinode moet kennis neem

1.1 *Sinode opdragte*

1.1.1 *Die Trustees van die Fonds word bemagtig om, wanneer dit nodig word addisionele bydraes vir die Ondersteuningsfonds te hef, hierdie addisionele bydraes, soos deur die Aktuaris bereken, te bekom by wyse van 'n oproep in die kerkverband om vrywillige bydraes vir die doel in te samel, indien nodig*.
Dit was nie vir die Trustees nodig om ‘n oproep in die kerkverband te doen nie.

1.1.2 *Aan die Trustees word opdrag gegee om die verdere bestuur van die Ondersteuningsfonds te reël kragtens die Reglement hiervoor*.
(a) Die bestuur van die Fonds is volgens die Reglement gereël.
(b) Ter wille van duidelikheid, is die doel van die Fonds as volg geformuleer: Die doel van die FONDS is om die beroepsongeskiktheidsvoordele hierin beskryf aan LEDE te voorsien met inbegrip van die tyd waarin ‘n lid nie deur sy Kerkraad geakkommodeer kan word nie of wat hy wag totdat hy weer ‘n beroep van ‘n ander Kerkraad ontvang.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waaroor die Sinode moet besluit

2.1 Aan die benoemde Trustees word opdrag gegee om die verdere bestuur van die Ondersteuningsfonds te reël kragtens die Reglement hiervoor.

Besluit: Goedgekeur.

2.2 Gee uitvoering aan alle sake waaroor die Sinode besluit het.

Besluit: Goedgekeur.

2.3 `n Nuwe Reglement is opgestel en goedgekeur.

Besluit: Goedgekeur.

3. Finansiële state

Besluit: Goedgekeur.

Kyk Addendum : Finansiële State agterin Handelinge.